



Kompass

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 13/ no. 1
Desember 2003/Januarie 2004

DIE GROOTSTE MISTERIE

Daar is die baie geheimenisse in die evangelie wat vir die 'normale' denkende mens moeilik is om te aanvaar – dink bv. aan die opstanding van Christus, die hemelvaart, die maagdelike geboorte. Wie kan sulke dinge aanvaar as die Gees jou nie help om dit te glo nie?

Die grootste misterie wat ons in die evangelie raakloop is sekerlik die boodskap van die menswording van die Seun van God. Die babaseuntjie wat in Bethlehem gebore is, is God wat mens geword het.

Dit is soos JI Packer in sy boek *Knowing God* gesê het: "Hier is twee misteries vir die prys van een," naamlik die misterie van die Drie-eenheid (die pluraliteit van persone binne die eenheid van God) en die misterie van die twee nature van Jesus Christus (die eenheid van God en mens in die persoon van Jesus).

En as 'n mens dink aan die doel van die menswording van die Seun van God, kan 'n derde misterie bygevoeg word: die versoening. Die Seun van God het mens geword sodat ons deur Hom met God versoen kan word.


Die apostel Johannes begin sy evangelie op so 'n manier dat ons gehelp word om die geweldige betekenis van Jesus se geboorte te besef. Die Seun van God, wat van ewigheid af bestaan, wat saam met die Vader en die Gees die wêreld gemaak het – daardie Goddelike persoon is nou Jesus van Nasaret! In Jesus, skynbaar 'n gewone Joodse man, ontmoet ons God wat mens geword het. "Die Woord het vlees geword" (Joh. 1:14).

Dit beteken nie dat Hy opgehou het om God te wees nie. Jesus het wel in die nederige gestalte van 'n gewone mens aan ons verskyn, maar Hy was nog steeds vir 100% God. Jesus van Nasaret was nie 'n besondere mens met 'n paar addisionele goddelike eienskappe nie. Hy was ten volle God, maar dan "God in die vlees".

Hoe moet ons dink oor die inkarnasie? Die Skrif spoor ons nie aan om die geheimenis van "God-en-mens-in-een-persoon" te probeer ontrafel nie. Ons word aangemoedig om God te loof daarvoor. Hy wat God was, het mens geword om te kom sterf en ons so van ons sondes te verlos.

Die Kersfees bied elke jaar geleentheid om hierdie wonderlike boodskap opnuut te deurdink en God te loof en te dank. In hierdie uitgawe van *Kompass* is daar enkele artikels wat handel oor die goeie viering van Kersfees. Mag dit 'n bydrae lewer tot 'n mooi en verrykende Kersfees, AD 2003.

In Hierdie Uitgawe



Tema: Kersfees

- **Hoe vier ons Kersfees? 2**
"Hoe moet ons as gelowiges in die komende fees- en vakansietyd ons lewens inrig sodat 'n egte Christelike lewenswyse tot uitdrukking kom?"
- **Kersfees as Christelike feesdag 4**
- **Calvyn en die Christelike feesdae 6**
- Chris & Marieke Haak werk in Lesotho 9
- Moord by Moria 11
- Hoe lees ons die boek Job 13
- Nuwe vrymaking in Nederland 15

KERSFEES MET 'ATMOSFEER'?

Ds. E Viljoen

TEMA: KERSFEES

Die ongelowige wêreld saam met die sakewêreld gebruik Kersfees vir hul eie doel. Kersbome, kerse, helderkleurige versierings en les bes Kersvader dien alles en almal 'n doel wat totaal los gaan staan het van die vreugde oor die Verlosser wat gebore is. Kersfees moet bydra tot 'n romantiese of gesellige atmosfeer tuis, en tot gevoelens en gebare van welwillendheid teenoor medemens wat andersins geen tyd en ruimte vir mekaar het nie. Liedere oor Christus moet 'n atmosfeer in winkels skep wat klante aanmoedig tot buitensporige inkopies. Dit is werklik rede tot droefheid vir elke Christen om te beleef hoe "Hy wat van bo kom" en "bo almal" (Joh. 3:31) is,

op 'n goedkoop manier diensbaar gemaak word aan selfgesentreerde doeleindes.

Hoe moet ons as gelowiges egter wel in die komende fees- en vakansietyd ons lewens inrig sodat 'n egte Christelike lewenswyse tot uitdrukking kom? Daaroor enkele aandagspunte.

GEEN KERSBOOM?

Lidmate van die gemeentes het dikwels groot moeite met die vreeslike drukte rondom kerse, dennebome en –takke wat in huise versier word met liggies, behang word met geskenke en die uitdeel van geskenke op of rondom Kersdag. Daar word selfs heel ernstig gewaarsku vir wêreldgelykvormigheid wanneer hierdie dinge begin plek kry in die huise en feestelikhede van ander gelowiges tydens die somervakansieseisoen en veral op Kersdag.

Beteken dit dat ons feestelike stemming oor die geboorte van ons Verlosser geen uitdrukking mag vind in sogenaamde "uiterlikhede" nie? Sommige gelowiges sal sê: die uitdrukking van ons vreugde op Kersdag kry vorm in die erediens saam met die gemeente waar ons die "heilsfeit wat op hierdie dag in besonder herdenk word", verkondig word (Kerkorde Artikel 68). Vir baie is die sing van "Ere aan God" ná die uitspraak van die seën al te veel van die goeie.

Die argument word gevoer dat alles wat meer is as dit, die aandag wegtrek van Christus oor wie dit moet gaan op Kersdag. 'n Feestelike stemming in ons huise gedurende die weke en dae voor en ná Kersdag, so gaan die argument verder, maak die viering van Kersfees *mensgesentreerd*. Nog ander voer aan dat wanneer 'n versierings en geskenke in ons huise 'n plek kry om uitdrukking te gee aan ons blydschap oor Christus se

geboorte, dit 'n *vermenging* is van 'n fees vir die Here met heidense feesgebruike. Dit sou dan 'n uitdrukking van ons *geestelike armoede* wees wanneer ons heidense en wêreldse feesgebruike op hierdie manier benut in ons feestelikhede.

GEESTELIKE ARMOEDE

Dit sou verseker 'n teken wees van geestelike armoede, wanneer ons nie meer weet hoe om op 'n goeie Christelike manier uitdrukking te gee aan ons feesvreugde nie. Ongelukkig is dit al te dikwels die geval. Hopeloos te veel Christelike feesvieringe rondom Kersfees is veel meer 'n *nabootsing* van die wêreld as wat dit *navolging* van Christus en die apostels (Fil. 4:9) is. Dan is die waarskuwing van pas dat ons nie aan die wêreld gelykvormig moet word nie.

Wêreldgelykvormigheid in die konteks van Kersfees kry juis gestalte daarin dat in die plek van die hele skepping wat blydschap moes uitring oor die geboorte van die Verlosser, nou gebruik word om uitdrukking te gee aan ons vakansie- en partytjiesstemmings. Sjampanje, kersklappers, "Kersvader" en 'n romantiese stemming neem maklik die plek in van verwondering en blydschap oor die Woord wat vlees geword het en onder ons kom woon het. Daarin mag ons die wêreld nie naboots nie. Ons het gedurig weer nodig dat ons verander sal word deur die vernuwung van ons gemoed (Rom. 12:1-2). Dit alles op grond van die groot ontferming van God in die menswording van sy Seun!

Sou dit egter nie ook 'n teken van geestelike armoede wees as ons feesviering rondom Kersfees vorm kry in dit wat ons *nie mag doen nie*? Ons "heel anders"-wees as die wêreld moet in die eerste plek tog 'n *positiewe Christelike invulling* van feesvreugde kry. Daarin lê ons groot uitdaging as Christene in hierdie land. Daardie anders-wees kan tog nie eensydig bestaan in die onthouding van gebruike wat oppervlakkig en selfs verkeerd by die ongelowiges funksioneer nie.

Ons geestelike rykdom bestaan nie daarin dat ons onself

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168


E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland • 10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos • 30
Lugpos • 40



demonstratief onthou van dit wat God geskape het nie. Alles wat deur God geskape is, is goed. Dit kan nie verwerplik wees as dit met danksegging ontvang en gebruik word nie. Dit is die Woord van God self en die gebed wat dit heilig (1 Tim. 4:3-5). Juis met die fees wat die vleeswording van die Seun van God vier, sal ons op 'n goeie manier gebruik moet kan maak van die mooi en goeie skepping van die Here om uitdrukking te gee aan ons vreugde. Dan sal ons altyd daarvoor moet waak dat ons vreugde ook werklik *blydschap in die Here* (Fil. 3:1; 4:4) is. Daarin lê die krag van ons getuienis teenoor die partytjiesstemmings by die wêreld op Kersfees. Ons hoef nie die feestelikheid uit Kersfees te haal uit vrees vir wêreldgelykvormigheid nie. Ons sal egter wel onself moet ondersoek om seker te maak wat en Wie die bron en middelpunt van ons vreugde is!

FEESSTEMMING

Dit is vir ons almal duidelik dat kerse, versiering en geskenke maklik misbruik kan word om 'n stemming/atmosfeer in Kersfeesvieringe te plaas wat niks met Christus te doen het nie. Wanneer "Kersvader" deur ons verbind sou word aan geskenke wat op Kersdag uitgedeel word, het ons ver gevorder op die pad om Christus self as die bron van ons vreugde op hierdie dag kwyt te raak.

Dit sal egter volgens my 'n verlies wees as ons alles uit ons huise gaan verban wat ons heel gewoon kon gebruik het om 'n feestelike stemming in ons huise te skep. Nie elke huishouding skep op dieselfde manier 'n feestelike atmosfeer tuis nie. Die samestelling van die gesinne verskil. Wanneer oupa en oma saam hul huis wil inrig vir 'n feestelike stemming, gaan dit waarskynlik heel anders wees, lyk en klink (!!) as in 'n huishouding waar daar vyf lewenslustige jong laerskoolkinders by betrokke is. In laasgenoemde geval sal dalk nog baie gedoen moet word om kinders te leer en begelei om hulle blydschap in Christus te vind. Dan sal dit ook werklik op 'n manier moet gebeur wat die kinders tuis aanspreek.

In albei bogenoemde huishoudings kan die blydschap in die Here wees, maar kom dit op 'n ander manier tot uitdrukking. Vir albei gaan dit oor die Koning van die wêreld en Hoof van die kerk wat gebore is. Tog gaan hulle blydschap nie op dieselfde manier vorm kry nie. Vir 'n huishouding met jong kinders lyk die versiering wat by kinderlike vreugde pas, anders as vir volwassenes of selfs nog weer anders as vir bejaardes. Maar dit is tog gepas dat op die dag wat ons as gemeente afgespreek het om in besonder na te dink oor die geboorte van ons Verlosser, ons huise 'n feestelike karakter sal hê!

FEES EN EREDIENS

Die feestelikheid in ons huise word aangesteek deur die fees in die erediens. Dit kan nie anders nie. Die feesvreugde word met name gegee deur die heilsfeite wat verkondig word. Kersvreugde is die vreugde van die geloof. Hierdie geloof is altyd uit die gehoor. En die gehoor deur die prediking (Rom. 10:17). Ons gaan op Kersdag na die erediens, nie om daar iets besonders te gaan "beleef" nie. Ons herdenking van die geboorte van Christus beteken ook nie dat ons op soek is na 'n herhaling van wat 2000 jaar gelede gebeur het nie. Ook in hierdie erediens op Kersdag sal die Woord van die Here en die verkondiging daarvan in die middelpunt van die feesvieringe moet wees. Ons fees kan net ryk wees, as ons oë van geloof oop is vir die rykdom waarmee God ons in Christus ryk gemaak het.

IN DIE HUISE EN GESINNE

Net soos in die erediens, sal ook in ons huise die boodskap en betekenis van Christus se geboorte sentraal moet wees. Daardie boodskap kan sentraal staan wanneer ons saam op daardie dag en die dae daaraan vooraf die gebeure rondom Christus se geboorte lees en daaroor sing. Ook die versiering in ons huise kan uitdrukking wees van die blydschap wat pas by die geboorte van ons Verlosser. Die engel wat aan die herders in die nag van Christus se geboorte verskyn het, bring vir hulle (en ons!) 'n goeie boodskap van groot blydschap (Luk. 2:10).

Hy wat gebore is, is die Lig vir die wêreld. Vir ouers van jonger kinders sou dit 'n mooi hulpmiddel wees om na aanleiding van 'n mooi lig of kers(e) in die huis oor hierdie rykdom in Christus te praat. Veral vir ons kinders sal ons dit moet duidelik maak dat ons Kersvreugde nie bestaan in dit waarvan ons ons op die dag weerhou nie. Ons wêreldgelykvormigheid bestaan nie in die teenwoordigheid in ons huise van ligte, kerse, versiering en geskenke wat my ongelowige buurman dalk ook op Kersdag in sy huis het nie. Die vraag is of ons as ouers nog met ons kinders op die dag vreugde het omdat die red-

dende genade van God aan alle mense verskyn het (Tit. 2:11).

Die verskyning van God se reddende genade leer ons om die goddeloosheid en die wêreldse begeerlikhede te verloën (Tit. 2:12a). Christus se geboorte laat ons ingetoë en regverdig en vroom *in hierdie wêreld* lewe (Tit. 2:12b). Die viering van sy geboorte mag daarom op geen manier losgemaak word van die gewone lewe nie. Dit wat ons as Christene in ander omstandighede in ons huise sou gebruik om uitdrukking te gee aan ons vreugde in die Here, sou ewe goed op Kersdag diens kan en moet doen.

Die verskyning van God se reddende genade word deur Paulus verbind aan die daaglikse lewe van jonk en

oud, man en vrou (Tit. 2:1-10). Hoe mooi is die geleentheid met Kersfees om saam as gelowige gesin of saam met ander gelowiges te vier op 'n waardige, opregte in ingetoë manier (Tit. 2:6-7). Dit is juis die verskyning van God se reddende genade wat ouer mans leer om waardig, ingetoë, gesond in die geloof, in liefde en geduld te wees (Tit. 2:2). Ouer gelowige vroue laat sien dat hulle nie verslaaf is aan wyn of hul ophou met kwaadpraterie nie (Tit. 2:3). 'n Feestelike stemming beteken nog geen uitspattigheid nie. By die geboorte van Christus was daar geen prag en praal nie.

EEN IN LEWENSSTYL

Die Here vra van ons in sy Woord dat ons in die gemeente "eensgesind

onder mekaar (sal) wees ooreenkomstig die wil van Christus" (Rom. 15:5). Die invulling van ons gewoontes en styl rondom Kersfees sal daarom nie los van die gemeente kan gebeur nie. Ons moet God *in eendragtigheid* kan verheerlik. Dit beteken ten minste dat elkeen oortuig sal moet wees dat dit wat hy doen, hy met die oog op Christus en die eenheid in sy gemeente doen. Nie een van ons leef tog vir homself nie, maar vir die Here (Rom. 14:5). Dit mag beteken dat daar onderling nog verskille sal wees in wat gedoen en nagelaat word, maar dan op só 'n manier dat ons nie vir onself leef nie. Ons sal in die gemeente mekaar moet help om dit te doen wat die vrede en onderlinge opbou dien (Rom. 14:19). ☩

KERSFEES AS CHRISTELIKE FEESDAG

Dr. NH Gootjes

TEMA: KERSFEES

Die Kersfees is een van die belangrike vierings van die jaar. Oor die hele wêreld is dit 'n spesiale dag, en die meeste mense geniet dit as 'n vrye dag. Dit was nie altyd so nie. Daar is geen getuienis dat die Nuwe Testamentiese kerk die Kersfees gevier het nie. Nóg die Handeling nóg die briewe van Paulus bevat enige aanduiding dat die geboorte van Jesus Christus met 'n spesiale dag gevier is nie. Trouens, die Nuwe Testament gee nie eers 'n aanduiding oor die datum van sy geboorte nie. Om Kersfees te vier is nie 'n Nuwe Testamentiese voorskrif nie.

Dit het verskeie eeue geneem voordat dit 'n spesiale dag geword het. Die vroegste getuienis dat daar 'n spesiale fees ter herinnering aan die geboorte van Jesus Christus gehou is, dateer uit die begin van die vierde eeu. Later in dieselfde eeu het die kerk van Rome die viering van hierdie heilsfeit aan die datum van 25 Desember gekoppel. Van toe af het die gewoonte om die geboorte van ons Heiland op 25 Desember te vier, oor die hele

Christelike wêreld versprei. Die Kersfees is 'n menslike uitvinding.

Ons word derhalwe met die vraag gekonfronteer of ons die Kersfees moet vier. Is dit 'n goeie gewoonte om 'n spesiale dag opsy te sit vir die viering van Christus se koms in hierdie wêreld? As die Skrif nie eers die datum noem nie, wat nog te sê van dit te vier, waarom moet ons dan so baie daarvan maak? Sou dit nie beter wees om hierdie menslike feesdag af te skaf nie?

Die Ou Testament sê vir ons dat God self verskeie feeste ingestel het. Een daarvan was 'n fees ter herdenking van 'n belangrike feit in die geskiedenis: die Pasga. Dit moes 'n herdenking van die uittoeg uit Egipte wees. Op daardie dag sou die Israeliete terugdink aan die bevryding van die verdrukking wat hulle voorgeslag in Egipte ervaar het. Die volk Israel moes aan hulle kinders verduidelik dat hierdie fees hulle wil herinner aan die strawwe van Egipte en die manier waarop God hulle uitgelei het, sodat hulle nie dieselfde strawwe sou

ondergaan nie (sien Eksodus 12). So het Israel die groot wonders herdenk waardeur God hulle verlos het (Ps. 77:11-15).

In hierdie geval was die viering op 'n direkte gebod van God gebaseer, maar daar was ook ander gevalle. Heelwat later in Israel se geskiedenis het God sy volk gered deurdat koningin Ester tussenbeide getree het. Dit was die aanleiding vir die instelling van 'n nuwe feesdag: die Purimfees. Daar is geen getuienis in die Skrif dat God die volk opgedra het om dit te vier nie. Dit is deur Ester self en deur haar oom Mordegai ingestel (Ester 9:29-33).

Toe God sy Seun in hierdie wêreld ingestuur het vir ons verlossing, was dit een van die grootste dade wat God ooit gedoen het. Die geweldige betekenis van Christus se geboorte regverdig die viering daarvan. Toe die Christelike kerk in die vierde eeu die Kersfees ingestel het, het hulle verder gegaan in die rigting wat God in sy Woord aangedui het.

DIE REFORMASIETYD

Die Reformasie wat in die sestiende eeu plaasgevind het, het 'n effek op die viering van die Kersfees gehad. Om die waarheid te sê, daar was 'n wydverspreide poging om al die Christelike feesdae af te skaf, insluitend die Kersfees.

Die Sinode van Dordrecht in 1574 het 'n radikale besluit geneem en die Kersfees afgeskaf. Die Sinode wou hê dat die mense tevrede moet wees met die Sondag. Op die Sondag voor 25 Desember moes die evangelie van Jesus Christus se geboorte verkondig word. By dieselfde geleentheid moes dit aan die mense verduidelik word dat Kersfees as 'n spesiale dag afgeskaf is. Kersfees sou nie langer gevier word nie.

Dit mag ongelooflik klink dat 'n Sinode van die Gereformeerde kerke 'n spesiale feesdag ter herinnering aan die geboorte van ons Heiland wou afskaf. Dit word egter verstaanbaar as 'n mens dit sien in die lig van die situasie in daardie tyd. Gedurende die eeu wat voorafgegaan het, het die getal heilige dae drasties toegeneem. Die feit dat die mense op daardie dae nie werk gehad het om te doen nie, het gelei tot dronkenskap en ander uitspattings. Alreeds voor die Reformasie was daar pogings om die getal heilige dae ingrypend te verminder.

Die Reformatore het hiermee saamgestem. In 'n stadium wou Luther al die feesdae sonder uitsondering skrap. Later het hy toegelaat dat 'n aantal spesiale Christelike feesdae gevier word. Calvin het saamgestem met die pogings om daardie dae af te skaf. In sy tyd is daar elke dag van die week preke gehou vir diegene wat dit kon bywoon. Maar hy het geweier om spesiale aandag aan die dag van Kersfees te gee. Op die Sondag voor 25 Desember het hy gepreek oor die betekenis van Christus se geboorte, en op Kersfees self het hy gepreek oor watter Bybelgedeelte ook al aan die orde was.

In die lig hiervan kan ons verstaan dat die Nederlandse kerke die spesiale viering van die Kersfees wou afskaf. Die hele sisteem van feesdae het tot allerhande euwels gelei. Die poging om die Kersfees af te



skaf het nie geslaag nie. Die owerhede in die stede het die feesdae as vakansiedae vir die burgers gehandhaaf. Die kerke het besluit dat dit onder die omstandighede beter was om eredienste op Christelike feesdae te hou, aangesien dit in elk geval vakansiedae was. As daar 'n dag opsy gesit word vir die viering van die geboorte van Jesus Christus, was dit beter om die gedagtes van die mense daarby te bepaal deur die lesing en prediking van God se Woord. Dit is die agtergrond van die reël in die Kerkorde dat Kersfees gevier moet word.

KERSFEES VANDAG

In ons samelewing is Kersdag 'n aanvaarde vakansiedag. Die meeste mense hoef nie te werk nie. Hulle kan die dag af neem. Dit mag dalk na 'n oorwinning vir die Christendom klink, maar dit is nie die geval nie. Die dag word nog na Jesus Christus genoem, maar prakties het dit nie veel met Hom of met sy geboorte te doen nie.

Elkeen gebruik die dag vir sy eie doeleindes. Die winkels vertel vir ons dat ons allerhande luukse items behoort te koop. Dit het 'n dag geword om geskenke vir mekaar te gee. Die belangrikheid van Jesus Christus het verminder en sy plek word deur Sinterklaas (Santa Claus) ingeneem, 'n vriendelike oubaas wat vreugde en warmte in mense se harte bring. Die winkels doen goeie besigheid. Ander entrepreneurs benut weer die gedagte van vryheid tot hulle voordeel. Reis-agente bied Kersfeesreise na tropiese plekke aan.

Tussen al hierdie kommersiële aksie het die betekenis van Kers-

fees verdwyn. Dit het 'n dag geword waarop 'n mens die goeie lewe en gasvryheid geniet. As dit die geval is, kan ons maar die Kersfees heeltemal afskaf. Daar is geen voorskrif in die Bybel dat ons 'n spesiale dag moet hê vir die viering van Christus se geboorte nie. 'n Kersfees sonder Christus is soos 'n vrug wat buitekant mooi lyk maar binnekant vrot is. Dit stink. Ons kan verstaan waarom Gereformeerde mense in die sestiende eeu die dag wou afskaf.

Daar is egter 'n beter oplossing. Liewer as om dit af te skaf, moet ons die oorspronklike betekenis behou. Dit is die viering van die geboorte van ons Heiland, 'n gebeurtenis wat baie belangriker is as die bevryding wat gevier is met die Purimfees. Die kerk het die reg om 'n spesiale dag daar te stel vir die viering van God se groot daed in die geskiedenis. Die geboorte van ons Heiland kwalifiseer sekerlik as 'n groot wonder wat God gedoen het om ons verlossing moontlik te maak. Die Kersfees is 'n menslike instelling maar daar is oorgenoeg rede om dit te vier. Ons kan ons dankbaarheid aan God vir Jesus Christus se geboorte betoon. As Christus in die middelpunt is, sal ons Kersfeesviering nie leë vermaak wees nie, maar opregte vreugde van mense wat besef dat hulle van die ondergang gered is.

Dr NH Gootjes is professor in die dogmatologiese vakke aan die Theological College van die Canadian Reformed Churches in Hamilton, Kanada. Die artikel het in Desember 2000 in 'Clarion' verskyn. Die vertaalde weergawe word met die outeur se toestemming in Kompas gepubliseer. □

CALVYN EN DIE CHRISTELIKE FEESDAE

Ds. C. Kleijn

TEMA: KERSFEES

Calvyn word gesien as 'n man wat teen die Christelike feesdae was. Hy sou hom voortdurend vir die afskaffing van alle feesdae beywer het. Dit bring dr. T. Brienen daartoe om te suggereer dat ons hierin minder Calvyn volg as wat ons gewoonlik wil weet. Doen ons daarmee reg aan Calvyn se posisie betreffende die Christelike feesdae? Om aan Calvyn reg te doen moet ons let op die toenmalige omstandighede.

AGTERGROND

In die Middeleeue het die aantal feesdae sterk toegeneem. Dit het selfs gegroei tot meer as sestig feesdae. Hierdie feesdae was nie net vir die viering van die heilsfeite nie, maar ook vir die verering van allerlei 'heiliges'. Hierdie dae is met die Sondag gelykgestel as dae wat tot eer van God ingestel is. Om op die feesdae te werk is beskou as een van die doodsondes wat die priesters hul gemeentelêde moes leer vermy.

Namate die aantal feesdae toegeneem het en meer gewig aan die feesdae gegee is, het die Sondag in aansien gedaal. Dis opvallend dat die skending van die feesdae deur op dié dae te werk in die algemeen swaarder gestraf is as die ontheiliging van die Sondag. Die groot aantal feesdae het ook dikwels tot losbandigheid gelei. In 1520 hoor ons Luther sê: "Ons vertoon God meer op die 'heiligedae' as op die 'werkdae' vanweë drankmisbruik, wêreldse vermaak, ledigheid en allerlei sondes. En dit is juis omgekeerd: heiligedae is nie heilig nie, maar die werkdae is heilig."

CALVYN IN GENÈVE 1536-1538

Voor Calvyn se koms in Genève was die kerklike feesdae, wat buite die Sondag geval het, reeds



afgeskaf. Oor hierdie kwessie was daar egter wrywing tussen Genève en Bern. In Bern het hulle nog vier feesdae buite die Sondag aangehou, naamlik Kersdag, Besnydenis (1 Januarie), Maria boodskap (25 Maart) en Hemelvaartsdag. Onder politieke druk vanuit Bern wou die Raad van Genève in 1538 daardie vier feesdae weer invoer.

Calvyn en Farel het die Raad gevra om eers die beslissing van die sinode van Zürich, wat met Pinkster gehou sou word, af te wag. Ter wille van die eenheid was hulle bereid om hulle na die seremonies te skik, mits die leiers van Bern sou erken dat die gebruike te Genève nie onskriftuurlik was nie en mits die feesdae nie deur 'n al te heerssugtig verbod van arbeid en handel met die Sondag gelyk gestel sou word nie en dat dit dus vir elkeen sou vrystaan om na die kerkdiens aan die daaglikse werk te gaan.

Vir Calvyn en Farel was dit belangrik dat die eenheid op kerklike wyse tot stand gebring sou word en nie op bevel van die owerheid nie. Die owerheid van Genève het egter van hulle verlang dat hulle onmiddellik die feesdae weer sou invoer en nie sou wag op die sinode van Zürich nie. Toe Calvyn en Farel

geweer het om dit te doen, was dit een van die deurslaggewende redes vir die verbanning van die predikante. Daarna het die Raad van Genève besluit om die vier feesdae weer in te stel en is arbeid op daardie dae verbied.

CALVYN SE GEMATIGHEID

Toe Calvyn in 1541 na Genève teruggekeer het, het hy die feesdae rustig laat voortbestaan. Hy skryf daarvoor: "By my terugkeer kon ek in een oomblik onder byval van die meerderheid omverwerp wat in my afwesigheid besluit was, maar ek het my stil gehou. Alleen daarvoor kon ek nie swyg nie, dat dit verkeerd was om die dag van die besnydenis van Christus te vier met verbygaan van sy sterfdag." Die feesdae was vir Calvyn geen beginselkwessie nie. Hy wou ook nie hê dat ander mense daarvan 'n beginselkwessie sou maak nie. Wat vir hom wel 'n beginselsaak was, was dat die owerheid geen seggenskap in kerklike sake het nie.

Uit sy korrespondensie met die predikante van Montbeliard van Oktober 1543 is dit duidelik dat Calvyn 'n genuanseerde posisie ten opsigte van die feesdae inneem. Die predikante het vir sy advies gevra na aanleiding van 'n besluit van die hertog van Württemberg om Lutherse gebruike in die kerke in te voer. Calvyn skryf dat hy wens dat die predikante standvastiger sal wees in hul afwysing van die feesdae. Hulle moet egter nie teen alle feesdae sonder onderskeid stry nie, maar spesiaal teen die feesdae wat nie tot die stigting van die gemeente bydra nie en 'n bygelowige karakter vertoon. Dan het hulle 'n aanneemlike grond vir verset.

Sewe maande later, in 'n tweede brief aan daardie predikante, noem Calvyn die feesdae 'n klein dwaasheid wat hulle eerder moet verdra

as om daarvoor hul pos te verlaat. Solank hulle net nie die dae goedkeur nie en hulle die vryheid behou om die bygelowighede wat daaruit voortkom te berispe, wat hulle dan ook met ywer moet doen. Dit betref veral drie belangrike sake: dat so die een dag van die ander onderskei word; dat daar 'n diens van God in die onderhouding van die feesdae gestel word; en dat sekere dae nie net tot eer van God waargeneem word nie, maar ook tot eer van mense.

Ongeveer in dieselfde tyd het Calvyn aan die Raad van Genève voorgestel om op die vier feesdae slegs in die oggend 'n kerkdiens te hou, sodat elkeen daarna vry sou wees om te rus of te gaan werk. Calvyn wou die skyn wegneem asof daardie dae instellinge van God sou wees. Die Raad het sy voorstel aangeneem. Die verskil in waarneming van die feesdae het egter tot burger-twiste en selfs tot vegpartye gelei. In November 1550 het Calvyn die Raad gevra om iets daarteen te bedink. Tot Calvyn se verbasing besluit die Raad op 16 November om alle feesdae af te skaf. Die enigste dag wat gevier sou word deur te rus van die arbeid was die Sondag. Die feesdag wat aan die geboorte van Christus gewy was is na die eersvolgende Sondag versit.

Calvyn skryf aan Haller te Bern dat hierdie besluit tot afskaffing van die feesdae nie op sy inisiatief en buite sy medewete geneem is. Indien dit aan hom voorgelê sou gewees het, sou hy nie daarmee ingestem het nie, hoewel hy op sigself geen beswaar teen die besluit het nie. Calvyn het steeds gepleit vir 'n middeweg, naamlik om die Kersfees op 25 Desember te vier en op die ander drie feesdae buitengewone bidstonde

te hou, terwyl die werkplekke soggens gesluit sou wees. Na die middagete sou elkeen weer na sy werk en na sy sake gaan.

CALVYN SE GESTRENGHEID

Op Donderdag 25 Desember 1550, enkele weke na die afskaffing van die feesdae, is die gewone daaglikse byeenkoms gehou. Calvyn gaan verder met sy reeks preke oor Miga. Dis egter opvallend dat op daardie dag meer mense as gewoonlik aanwesig is. Dit gee vir Calvyn aanleiding om die kersgebruike aan te spreek. Aan die een kant wys hy daarop dat dit "'n goeie ding (is), dat ons een dag in die jaar het, waarop ons die nut getoon word, wat ons toekom van die feit dat Jesus Christus in die wêreld gebore is en dat die geskiedenis van sy geboorte vertel word soos dit aanstaande Sondag sal gebeur." Aan die ander kant gaan hy fel te kere teen die bygeloof en afgodery: "As u dink dat Jesus Christus vandag gebore is, dan is u beeste, ja, wilde beeste. So ook wanneer u met hierdie dag God 'n besondere diens wil bewys. Dan rig u daarmee 'n afgodsbeeld op."

Sterk woorde. Waarom? Vanweë die bygeloof waarmee die dag gevier is. Mense het gedink dat hulle juis deur die dag te vier 'n besonder goeie werk vir God sou verrig. Dit binne die konteks van die verdienstelikheid van goeie werke. Die pousdom het die mense mos ingeprent dat die streng onderhouding van daardie feesdae vir hul saligheid noodsaaklik was. Hulle is deur die Roomse Kerk selfs met die hel gedreig indien hulle die seremonies nie sou naleef nie. Teen hierdie agtergrond kan 'n mens verstaan waarom Calvyn en die ander Reformatore skerp moes optree. Die lidmate moes heeltemal bevry word van die tirannie van menslike voorskrifte en leer om uit genade alleen te lewe. Hulle moes teweens die Sondag weer leer waardeur as die Christelike feesdag by uitstek.

GEVOLGTREKKINGS

Hoewel dit lyk asof Calvyn oor die algemeen die afskaffing van die feesdae verkies het, kan 'n mens nie stel dat hy in 'n streng sin 'n teenstander was van feesdae waarin die heilsfeite herdenk word nie. Sy voorkeur staan teen die agtergrond van die situasie van daardie tyd. Calvyn was ook bereid

om hom te skik na die orde wat in Genève bestaan het, solank hy vry was om teen die bygeloof en afgodery waarmee die dae dikwels gevier is, op te tree. Calvyn sou die Kersfees nie afgeskaf het nie. Dat die besnydenis van Christus wel gevier is en nie die sterfdag van Christus nie, het hy 'n saak van onkunde beskou. Met Pase en Pinkster het hy steeds sy vervolgstof onderbreek en oor die heilsfeite wat op die dae herdenk word, gepreek."

Calvyn het ons opnuut geleer om die kwessie van feesdae nie tot 'n beginselkwessie te

Redder van ons lewe

Redder van ons lewe, Jesus, troue Heer,
Uit liefde vir die mense kom daal U neer.
Ons kom bring ons dank en wil ons vreugdesange sing.
Onder mense woon U en wil U vrede bring.
Loof, loof die Heer!

Herders op die velde het die blye koor
Met Jesus se geboorte dié nag gehoor:
In die hoogste hemel, aan die Here al die eer –
Deur sy welbehag daal Christus na ons neer.
Loof, loof die Heer!

Wyses uit die ooste, deur die ster gelei,
Hul kom en vind die Kindjie, en hul was bly.
Hulle bring geskenke: wierook, mirre en ook goud.
Ere aan die Koning wat kom tot ons behoud!
Loof, loof die Heer!

*Oorgeneem uit: Liedboek van die kerk, lied 371.
Teks: Oud-Nederlands, waarskynlik vóór 1000; Gerjo van der Merwe 1978. Melodie: Nu zijt welkome, Jesu, lieve Heer*

maak nie. Daardeur sou ons op grond van 'n ondergeskikte punt die eenheid van die liggaam van Christus verskeur. Calvyn skryf dat hy nie graag die kerke wil veroordeel wat ander plegtige dae vir hulle samekomste het nie, so lank as wat hulle hulle van bygeloof onthou. Dit stem ooreen met die bepaling van art 47 van die Kerkorde: "Die buitelandse kerke sal nie op grond van ondergeskikte punte van kerkorde en kerklike praktyk veroordeel word nie." Daarom het ons ook geen enkele probleem om sekere Presbiteriaanse kerke, wat ten opsigte van die feesdae 'n ander praktyk as ons het, as ware kerke van Christus te erken nie. Vergelyk wat Paulus in Kol. 2:16 skryf: "Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie".

Ons ken geen heilige dae nie, behalwe die Sondag, die weeklikse rusdag wat deur God ingestel is. Dis die feesdag van die kerk. Laat ons dit goed bewaak en dit as ons feesdag by uitstek bly vier. Met die Reformatore kan ons sê dat geen mens, geen burgerlike en geen kerklike owerheid die reg het om die werk te verbied op dae waarop God dit veroorloof het nie. Indien ons buite die Sondag sekere Christelike feesdae wil onderhou, laat ons dan met mening waak teen 'n verheffing van die feesdag bo die Sondag en teen die verheerliking van die mens. Dit moet dan altyd tot eer van God wees en tot opbou van sy kerk.

Calvyn se opvatting oor die feesdae spreek ook van 'n groot sosiale sorg. Hy het gesien dat te veel vrye dae tot losbandigheid, ledigheid, drankmisbruik en allerlei onsedelikheid voer. Die sosiale sorg het ook 'n duidelike rol gespeel in die besluite van die Gereformeerde kerke in Nederland om tydens die feesdae wat die staat uitgeroep het, kerkdienste te belê.

In die beoordeling van die feesdae moet 'n mens, soos Calvyn dit gedoen het, rekening hou met die konkrete situasie. Daarom is ek oortuig dat die sobere formulering van die kerkorde van die Vrye Gereformeerde Kerke oor die kerklike feesdae (art 68) in lyn met Calvyn se houding is. Daar lees ons: "Die kerkraad sal op Kersdag, Goeie Vrydag, Pase, Hemelvaartdag en Pinksterdag die gemeente saamroep tot openbare eredienste, waar die heilsfeite wat die gemeente op hierdie dae in die besonder herdenk, verkondig word." Let daarop dat die artikel nie praat van die onderhouding van die feesdae nie (soos dit oorspronklik geformuleer was). Dit gaan daaroor

Ek kniel ook voor u voete, Heer

Ek kniel ook voor u voete, Heer
U, Jesus, is my lewe!
Saam met die herders kniel ek neer.
God het my skuld vergewe!
O Neem my denke, wil, gevoel;
Laat streef my na die hoogste doel –
Om tot u eer te lewe!

Lank voordat ek op aarde was,
Is U vir my gebore.
Voor ek van U 'n woord kon hoor,
Was ek reeds uitverkore.
U het die hemelryk verlaat;
U maak my na Gods wyse raad
Sy kind – nie meer verlore!

In diepe donkerheid en nag
Raak ek die pad soms byster.
Stuur, Heer, u Gees; skenk, Heer, u krag
En lei my deur die duister.
U, Son wat deur die wolke breek
En in my hart u lig ontsteek,
Verlig my met u luister!

Oorgeneem uit:

Liedboek vir die kerk, lied 346

Teks: Paul Gerhardt 1653; Izak de Villiers 1978/2001. Melodie: Ich steh an deiner Krippe hier – JS Bach 1736

dat op die dae wat publiek bekend staan as Christelike feesdae en waarop die gode van ons tyd (self, geld, genot, die buik) alom aanbid word, die enige Naam, waardeur ons gered moet word, verkondig word. ☩

Die bestuur, redaksie en administrasie van Kompas wens al sy lesers en ondersteuners 'n geseënde Kersfees en jaarwisseling toe.



CHRIS EN MARIEKE HAAK WERK IN DIE BERGKONINKRYK

Jan en Juliët de Mooij

ONDERHOUD

Chris en Marieke Haak is sedert Junie 2003 in Maseru, Lesotho werksaam vir die MAF (Mission Aviation Fellowship). Ons het met hulle gesels oor die aard van hulle werk en hulle ervarings daar.

AGTERGROND

Chris is gebore op 26 Januarie 1975 in Enschede, Nederland, en is die oudste van 6 kinders. 'n Jaar na sy geboorte het hy saam met sy ouers vertrek na Papua (die voormalige Irian Jaya), waar sy pa as 'n sendeling gaan werk het. Na 'n periode van 13 jaar het die gesin teruggekeer na Nederland, waar Chris ook sy skoolopleiding afgerond het. Hierna het hy 'n opleiding gevolg as 'n vlieënier. Marieke is in Pretoria gebore op 2 Junie 1976 en het ook daar opgegroeï en skoolgegaan. Na haar studie aan die Universiteit van Pretoria, waar sy gekwalifiseer het as 'n arbeidsterapeut, het sy nog een jaar gewerk in 'n weeshuis in Soshanguve. Die Here het hulle geseën met twee dogters, Lianne (3) en Nicole (1½).

HOE HET DIT GEBEUR DAT JULLE HIER IN LESOTHO WERK?

Ons glo dat die Here hierdie land op ons pad geplaas het. Ons oorspronklike doel was om te werk waar die nood die grootste was en waar ons ook die sending van ons tuiskerke kon bedien. In ons oë was Papua die land waarheen ons geroep is, ook omdat Chris daar grootgeword het. In die laaste maand voor ons vertrek na Papua, is egter by Marieke 'n vorm van velkanker gekonstateer, waarvoor sy gereelde mediese ondersoeke nodig gaan hê. Die Here het deur hierdie en ander gebeurtenisse in ons lewens, op 'n indringende manier gewys dat dit nie die regte pad vir ons is nie. Toe dit gedurende hierdie tyd duidelik geword het dat daar 'n dringende tekort aan vlieëniers in Lesotho bestaan, is ons deur die MAF daarheen gestuur. Hierdeur is dit moontlik om gereeld vir die noodsaaklike mediese ondersoeke na Pretoria te reis.

CHRIS, VERTEL ONS MEER VAN DIE LAND LESOTHO?

Lesotho staan bekend as 'die Bergkoninkryk' ('the Mountain Kingdom' soos dit oral trots aangedui word), en is aan al sy grense omring deur Suid-Afrika. Daar woon meer as 2,1 miljoen mense in Lesotho, waarvan ongeveer twee-derdes in die laaglande (die weste van Lesotho). Die res van die land is baie bergagtig en

bestaan uit klein en dikwels moeilik bereikbare dorpieë. Hierdie dun bevolkte berggebied is ons werkerrein.

Die klimaat van Lesotho is hoofsaaklik warm met reënval in die somer. Die wintermaande wissel van koel tot baie koud met sneeu – afhangende van die hoogte bo seespieël. Die land ly egter al 'n geruime tyd onder buitengewone klimaatveranderinge en, as gevolg hiervan, hongersnood. Die droogte wat heers verhoed dat daar geplant kan word. Wanneer daar wel in die verlede geplant kon word, het swaar reëns of koue dikwels die oes verniel. Na raming is meer as 30% van die bevolking MIV-positief. Die WFP (World Food Programme) en ander organisasies is betrokke by lewensnoodsaaklike voedselverspreiding en is veral gemik op families waarvan die oes misluk het of wat ly aan (die gevolge van) MIV/VIGS.

Ons woon in die hoofstad (Maseru), 'n stad met ongeveer 300 000 inwoners en redelik goeie geriewe. Hier is goeie winkels en byna alle produkte is beskikbaar.

WAT IS DIE MAF EN WAT DOEN HULLE IN LESOTHO?

Die MAF is 'n interkerklike organisasie wat deur middel van vliegtuie hulp bied aan mense in moeilik-



bereikbare gebiede, veral met die oog op ondersteuning vir die sending. Die MAF is opgerig kort na die 2de Wereldoorlog. Amerikaanse en Europese vlieëniers het toe saam begin werk vir die sending en vir humanitêre doelstellings. Dit het ongekende nuwe moontlikhede geskep vir sending en hulpverlening op verafgeleë plekke. Die lande waar die MAF begin het was Mexiko, Equador en Irian Jaya. Vandag is die MAF aktief in meer as 35 lande.

Sinds 1980 bied die MAF spesifiek logistieke hulp in Lesotho: dit sluit die vervoer van voedsel, pos, medisyne en mediese personeel, sendelinge en Christelike werkers in. Verder vlieg ons vir maatskappye wat betrokke is by die opbou van die land en die bou van klinieke.

Die werk van die MAF word finansieel ondersteun deur persone en instansies van oor die hele wereld. Groot kapitaaluitgawes soos vliegtuie en vliegtuigloodse word ook deur fondswerwing gefinansier. Verder moes ons, al voor ons vertrek na Lesotho, self 'n steungroep vind om ons finansieel te ondersteun tydens ons verblyf hier, aangesien die MAF geen salarisse kan betaal aan sy medewerkers nie. Ons is dankbaar vir die ondersteuning vanuit ons steungroep, waarsonder dit onmoontlik sou wees om ons taak hier te bly verrig.

WAT BEHEL'S JULLE WERK, CHRIS?

My werk as vlieënier behels dat ek oor die algemeen van 07h30 tot 16h30 my vlugte uitvoer. Meestal vlieg ek in die oggend met 'n span dokters na een van die 15 bergklinieke. Die klinieke word beman deur verpleegsters en hulle verskaf basiese mediese sorg. Pasiënte met ernstige siektes moet per vliegtuig na Maseru se hospitaal vervoer word vir gespesialiseerde behandeling. Wanneer die somerreëns begin, spoel baie van die paaie weg en dit veroorsaak dat die klinieke nie per motor bereikbaar is nie (ook nie met 'n 4x4 nie), alleen te voet/te perd of per vliegtuig. Die afstand wat normaalgesproke in 6 tot 8 ure per motor afgelê kan word, kan ons per vliegtuig in 30 minute aflê.

Verder word daar tussen die verskillende dorpe en vanaf Maseru, onder andere sendelinge en sendingswerkers en vragte met byvoorbeeld voedsel of boumateriaal vervoer. Elke dag is daar ook administrasie wat afgehandel moet word, asook beplanning en voorbereiding vir die volgende dag se vlieg.

Marieke is veral besig met ons kinders en natuurlik om die huishouding aan die gang te hou. In 'n land soos Lesotho is dit alles nog meer van 'n uitdaging!

Dit verg ook ekstra aandag om die opvoeding en die aanpassing van ons kinders te begelei. Wanneer Chris soms buite kantoor-ure moet vlieg, is Marieke verantwoordelik vir die radio-kommunikasie. Sy moet dan voortdurend die vliegroeite aanteken, sodat by 'n ongeval die opsporing vergemaklik word.

Ons ondersteun verskillende sendingsorganisasies en is daar vir hulle as hulle hulp nodig het. In dit alles wil ons die moontlikhede bied om die evangelie verder te versprei in hierdie onherbergsame land.

HOE ERVAAR JULLE DIE WERK IN DIE ALGEMEEN?

Ons vind baie vreugde in ons werk en woon baie lekker in Maseru. Dit is uiteraard 'n baie beperkte groep mense waarmee ons kontak het, maar dit het wel die gevolg dat ons mekaar op 'n dieper vlak leer ken, ook in die geloof. Ons deel mekaar se sorg en moeites omdat ons almal ver weg is van familie en vriende. Dit is nog vir ons moeilik om volledig by die plaaslike kerk (Maseru United Church) in te skakel. Die kerk word besoek deur mense van uiteenlopende kerklike agtergronde, waaronder sendelinge uit verskillende Afrika-lande en ontwikkelingswerkers. Ondanks die verskille merk ons op dat hier baie liefde is vir diens aan die Here, en dit maak ons harte bly en oorbrug baie verskille.

Dit lyk of die werk van die MAF in Lesotho nog vir 'n lang tyd nodig sal wees. Al kom daar meer en meer paaie, bly hulpverlening per vliegtuig in so 'n onherbergsame land 'n noodsaaklikheid. Omdat dit 'n geruime tyd duur voordat 'n mens gewoond is aan die omstandighede hier en die nood steeds dringend bly, hoop ons om ten minste 10 jaar in Lesotho te bly, om dit in alle opsigte die moeite werd te maak.

TEN SLOTTE

Ons wil graag vra vir u voorbidding: vir die mense van Lesotho en vir die werk wat daar gedoen word om hulle te help. Bid vir ons veiligheid tydens die vlugte, vir Marieke se gesondheid en vir ons as gesin. Verder is enigiemand baie welkom hier by ons en waardeer ons alle blyke van meelewe, deur middel van e-pos, briewe of andersyds.

KONTAKBESONDERHEDE:

Posadres: Mission Aviation Fellowship
PO Box 931
Ladybrand 9745
South Africa
Telefoon: +266 22314114
Email: chaak@maf.org
Webwerf: www.maf.org

MOORD BY MORIA

Dr. AJ de Visser

SENDING

'n Paar dae voor Kersfees 1920 het ses mense deelgeneem aan 'n middagmaal by Moria, die hoofkwartier van die Paryse Sendinggenootskap in Basutoland (Lesotho). Hulle het almal ernstig siek geword en een van hulle het gesterf. Daar was gif in die sop.

Die dooie man was die gasheer self, Edouard Jacottet, 'n gerespekterde sendeling, teoloog, en hoof van die teologiese opleiding vir inheemse predikante. Sy dood was 'n geweldige skok vir die Paryse sending, nie net omdat sy dood 'n groot leemte gelaat het nie, maar veral omdat die gedagte dat 'n sendeling op hierdie manier moes sterf, haas onverdraaglik was.

Die dood van Jacottet was 'n vreemde ding. Hy kon die maaltyd dalk oorleef het as hy net soos die ander gaste slegs een bord sop geneem het. Maar hy het die sop blykbaar geniet en hy het nog 'n keer ingeskep. Was dit regtig die plan dat hy moes sterf? Of was hy bloot ongelukkig omdat hy 'n tweede keer ingeskep het? Wou die moordenaar regtig vir Jacottet doodmaak? Of was dit eerder die bedoeling gewees om hom 'n baie onaangename middag te besorg?

'n Amptelike ondersoek het tot die konklusie gelei dat daar arseen in die sop was. Onmiddellik het stories begin rondloop oor wie die dader kon wees. Die bediende was aanvanklik die hoofverdagte want sy het per slot van sake die sop gemaak. Dit het egter spoedig duidelik geword dat sy niks van die saak geweet het nie. Toe is daar vinger gewys na 'n jonger kollega-sendeling van Jacottet, want dit was bekend dat hy 'n botteltjie met arseen in sy kantoor gehad het. Verder is allerhande mense verdink wat in die verlede een of ander konfrontasie met Jacottet gehad het, van swart evangeliste tot tradisionele leiers van die Basuto-volk.

Groot was die opskudding toe 'n rukkie later drie mense gevange geneem is: twee dogters van Jacottet en die kollega-sendeling in wie se kantoor die botteltjie met arseen gevind is.

Die verhoor van die gevangenes het in Bloemfontein plaasgevind en het opspraakwekkende feite aan die lig gebring wat gretig deur die koerante gepubliseer is. Dit het aan die lig gekom dat die kollega-sendeling, wat self getroud was, 'n verhouding met een van Jacottet se dogters gehad het. Hierdie verhouding was kort gelede op Jacottet se bevel beëindig. Verder was daar getuienis dat Jacottet die aand voor sy dood 'n hewige woorde-wisseling met die ander dogter gehad het. Ook in hierdie geval was daar 'n ongelukkige liefde ter sprake. Sy het 'n verhouding met 'n swart teologiese student gehad, en ook hierdie verhouding is deur pa Jacottet gestop.

Elkeen van die drie aangeklaagdes het dus 'n motief gehad om Jacottet om die lewe te bring, maar uiteindelik kon niks bewys word

nie. Die saak is van die rol gekrap en die aangeklaagdes is vrygelaat. Al drie het kort daarna die sendingstasie Moria verlaat. Die kollega-sendeling het deur suidelike Afrika begin rondswerf en 'n paar jaar daarna as 'n gebroke man gesterf. Die oudste dogter het na Kaapstad vertrek en niemand weet wat van haar geword het nie. Die ander dogter is die enigste een wat daarna nog 'n redelik normale lewe gelei het.

Toe ek en my vrou onlangs die dorpie Moria in Lesotho besoek het, het 'n gids die graf van Jacottet aan ons uitgewys. Die grafsteen is sober, met slegs sy naam op, en die veelseggende teks "Ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon" (2 Pet. 3:13). Die gids, wat in Moria gebore is en sy lewe lank daar gebly het, onthou dat die onderwerp van Jacottet se dood altyd vermy is. Die ou mense wou nie daarvoor praat nie. Hulle het baie respek vir die sendelinge gehad, en hierdie saak was vir hulle te pynlik om te bespreek.

ONDERSOEK

Tagtig jaar na die dood van die Franse sendeling het die skrywer Tim Couzens 'n boek van naby die 500 bladsye gepubliseer waarin hy die hele saak rondom Jacottet se



'n Tipiese Lesotho-landskap

dood beskryf en analiseer. Couzens se doel is om die moord na soveel jare eens en vir altyd op te los. Om daardie doel te bereik het hy werklik alles gaan uitpluis: die geskiedenis van die Basuto-volk, die geskiedenis van die Franse sending in Lesotho, die herkoms en die lewensgeskiedenis van Jacottet en sy vrou en kinders, amptelike verslae van die regspraak in Bloemfontein, artikels in koerante, briewe wat in die sending se argief in Frankryk bewaar word, ensovoorts.

Die resultaat is 'n baie interessante boek wat 'n mengsel is van 'n speurverhaal, 'n nasionale epos, 'n sendingsgeskiedenis, en 'n psilogiese analise van die verhoudings binne 'n gesin. Die skrywer verklaar aan die einde van die boek dat hy "geen vaste geloofsoortuiging" het nie. As 'n mens dit in ag neem, mag gesê word dat hy die Franse sendelinge op 'n besonder simpatieke manier beskryf.

Die geskiedenis van die Franse sending in Lesotho is 'n fassinerende verhaal. Dit mag seker een van die mees geseënde sendingprojekte in Suid-Afrika genoem word. 'n Mens neem met verwondering kennis van alles wat die Paryse sending tot stand gebring het. Dit is ekstra interessant omdat dit gereformeerde sendelinge was. Jacottet en sy kollega's was afstammeling van die Hugenote. Party van hulle was in Suid-Frankryk gebore, ander in Switserland. Edouard Jacottet, byvoorbeeld, was in 1858 in Neuchâtel, Switserland, gebore en hy het later in daardie selfde stad onder die bekende Frederic Godet teologie gestudeer.

Toe die eerste Franse sendelinge in die jare dertig van die 19e eeu in die land van die Basuto aangekom het, is hulle deur koning Moshesh gasvry ontvang. Hy het met sy volk op die bergvesting Thaba Bosiu (berg van die nag) gewoon. Hierdie berg, met sy steil rante rondom, was baie goed verdedigbaar teen vyande. Bowendien is die bokant 'n plat grasvlakte sodat 'n volk met al sy vee maklik daar kon bly. In

die praktyk het dit geblyk dat Thaba Bosiu inderdaad onneembaar was. Zulu-impies, Engelse regimente en Boere-kommando's het probeer om Thaba Bosiu te verower, maar almal het gefaal.

Moshesh was nie net 'n goeie generaal nie, hy was ook 'n bewame regeerder. Daar is historici wat meen dat hy een van die grootste Afrikaanse staatsmanne van die 19e eeu was. Tydens sy koningskap het hy allerhande kleiner stamme onder sy bewind verenig. Anders as die wrede Zulu-koning Chaka wat deur brute geweld sy ryk gevestig het, het koning Moshesh die Basuto-volk gebou deur aan vluggende stamme hulp en beskerming te bied.

EVANGELIE

Koning Moshesh het die Franse sendelinge toestemming gegee om onder sy mense die evangelie te verkondig. Eiebelang het hierby beslis 'n rol gespeel. Hy wou die sendelinge gebruik as sy ambassadeurs en verteenwoordigers vir onderhandelings met die naderende blanke magte: die Engelse en die Boere. So het dit in die praktyk ook gebeur. Verskeie sendelinge het de facto as ministers van buitelandse sake van die Basuto-volk gefunksioneer.

Met sommige sendelinge het die koning 'n persoonlike, vriendskaplike band gehad. Een van die eerste sendelinge, Thomas Arbousset, het in 1840 saam met koning Moshesh en 'n aantal dienare 'n ekspedisie in die berge van Lesotho onderneem. Hulle wou die bron van die Senqu (die Oranjerivier) ontdek. Hulle het baie ver gekom maar of hulle die bron werklik ontdek het, is 'n vraag waarvoor daar nog altyd getwis word. In ieder geval is dit aan hierdie ekspedisie te danke dat een van die berge in Lesotho 'n Franse naam het: Mont-aux-Sources. Arbousset se reisverslag is intussen in Engels vertaal en dit is uiters interessante lektuur. Hy vertel van ontmoetings met kannibale, wat in daardie dae nog volop was, en met leeus, wat toe al redelik skaars was. Hy vertel ook van interessante

kampvuorgesprekke met Moshesh wat 'n filosofiese aanleg gehad het.

Koning Moshesh het 'n belangstelling gehad vir die evangelie. Hy het toestemming gegee dat daar aan die voet sy bergvesting 'n sendingstasie van die Paryse sending geopen word. Op Sondagoggende het die koning dan dikwels van die berg afgekom, die kerkdiens bygewoon, 'n koppie tee gedrink met die sendelinge en sy vrou, en dan weer opgeklim na sy huis bo op die berg.

As 'n mens vandag Lesotho as 'n toeris besoek, is dit die moeite werd om ook Thaba Bosiu te besoek. Dit is 'n besondere ervaring om die berg op te klim, en dan af te kyk ondertoe waar daar vandag nog 'n kerkgebou van die Paryse sending is. Dit is aangrypend om te besef dat 150 jaar gelede 'n Afrikaanse koning gereeld met hierdie selfde bergpaadjie afgekom het om te gaan luister na die verkondiging van die evangelie.

Die belangrikste sendingpos was Moria. Daar het in die loop van die tyd 'n sentrum van ontwikkeling en onderwys ontstaan wat 'n groot invloed in Lesotho gekry het. Die sendelinge het 'n drukpers gekry en pamflette en boekies begin druk. Skole is opgerig, van 'n laerskool en 'n hoërskool tot selfs 'n opleiding vir onderwysers, en later 'n teologiese skool.

Moria is vandag 'n dorpie in verval staat, maar die vergane glorie blink nog. As 'n mens vrae vra vir die mense, hoor jy stories oor die groot invloed wat Moria op die volkslewe gehad het. Baie mense wat tans in die hoofstad Maseru belangrike posisies inneem, het as kind hulle onderrig by Moria ontvang.

In 1920, toe Jacottet gesterf het, het die sending in Lesotho alreeds 'n geskiedenis van amper honderd jaar agter die blad. Groot dinge is bereik. Twee generasies sendelinge het 'n stewige fondament gelê. Die derde generasie was saam met die korps inheemse predikante besig om die kerk verder tot selfstandigheid te lei. Jacottet het as

hoof van die teologiese opleiding 'n belangrike rol gespeel. Sy dood was vir die Paryse sending 'n groot klap waarvan die gevolge lank gevoel is.

DADER

Maar wie was toe die moordenaar? Tim Couzens se konklusie is dat dogter Marcelle die persoon was wat die arseen in die sop gesit het. Of sy haar pa regtig wou doodmaak, is nie seker nie, maar dat sy vervul was van wraakgevoelens, is duidelik. Sy het 'n verhouding gehad met 'n swart teologiese student. Sy was verwagting, haar pa het toe die verhouding verbied, en daar was waarskynlik 'n aborsie gewees. Van haar ma het Marcelle 'n instabiele karakter geërf. Soms was daar woede-uitbarstings, soms was daar ernstige depressies. By verskeie geleenthede het sy gesê dat sy oorweeg om selfmoord te

pleeg. Dit was juis om dié rede dat die botteltjie arseen uit die Jacotets se stoorkamer na die kantoor van die kollega-sendeling geskuif is...

'n Ander sendeling, wat die hele gebeure van 'n afstand meegemaak het, het in 'n brief geskryf dat Marcelle se instabiliteit onder andere te wyte was aan 'n traumatiese jeug. Toe sy 12 jaar oud was, het die gesin Jacottet na Frankryk gereis vir 'n verlofperiode. Toe die gesin terugkeer na Suid-Afrika is Marcelle onder die hoede van 'n kinderlose oom en tante agtergelaat. Tot haar negentiende jaar het Marcelle in Frankryk gebly, eensaam en ongelukkig, ver van haar geliefde geboorteplek in die berge van Lesotho. Uit briewe en ander dokumente kom die beeld na vore van 'n ongelukkige

jong vrou wat 'n stuk bitterheid in haar siel rondra.

Die boek van Tim Couzens gee 'n beeld van sendingwerk soos wat dit dikwels is: 'n mengsel van indrukwekkende ywer en resultate, maar ook menslike foute en persoonlike tragiek.

As jy Engels lees, en 'n bietjie tyd en geld het, sou ek sê: Lees die boek en gaan kuier dan in Lesotho. Behalwe om van die pragtige omgewing te geniet, moenie vergeet om ook 'n besoek aan die twee plekke te bring wat in hierdie geskiedenis 'n sentrale rol speel nie: die sendingstasie Moria en die berg Thaba Bosiu. Dit behoort 'n verrykende ervaring te wees.

N.a.v. Tim Couzens, Murder at Morija. Johannesburg: Random House, 2003. ISBN 0-9584468-2-2. ✕

HOE LEES ONS DIE BOEK JOB? (I)

Ds Rob Visser

DIE BYBEL OOP

Ons weet almal dat in die Bybel 'n boek met die naam Job voorkom. Ons ken almal die verhaal van Job. Nogtans is dit nie so maklik om hierdie boek te lees nie. Die eerste twee hoofstukke trek ons aandag en is nie moeilik om te verstaan nie. Dieselfde geld van hoofstuk 42. Dit is egter nie so maklik te verstaan wat ons in die hoofstukke 3-41 lees nie. Die doel van hierdie en die volgende artikel is om 'n bietjie hulp te verleen by die lees en verstaan van hierdie mooi Bybelboek.

IS JOB 3-41 GOD SE WOORD?

Vyf persone is in hierdie hoofstukke aan die woord. Dit is Job, sy drie vriende: Elifas, Bildad en Sofar. Dan is daar nog 'n ander vriend van Job: Elihu. En tot slot praat die HERE in die hoofstukke 38-41. (Ons lees in hoofstuk 42 dat Job sy skuld bely en hoe die HERE op Job se vriende reageer en Job weer in sy groot seën laat deel.)

Een van die moeilikste dinge in die boek Job is om vas te stel wanneer

Job verkeerd van die HERE gepraat het en waar Job se vriende verkeerd gegaan het. Ons moet ook uiters versigtig wees om sommer tekste in hoofstukke 3-37 te gebruik om iets te bewys. Ons moet seker maak of dit wat daar gesê is in ooreenstemming met God se wil is. 'n Voorbeeld waarby 'n mens vrae kan vra is die tekste vanuit die boek Job wat ons onder vraag en antwoord 13 van die Heidelbergse Kategismus vind: o.a. Job 4:18-19; 15:15-16 (woorde van Elifas). Ons moet bedink dat ons in Job 42:7 lees: "En nadat die HERE Job toegesprek het met hierdie woorde, sê die HERE aan Elifas, die Tema-niet: My toorn het ontvlam teen jou en jou vriende; want julle het nie reg van My gesprek soos my kneg Job nie."

As ons antwoord wil gee op die vraag of Job 3-37 God se Woord is, behoort die antwoord ja te wees. Die Heilige Gees het ook hierdie hoofstukke tot deel van God se Woord gemaak. Nogtans beteken

dit nie dat alles wat ons daar lees die regte pad en leer vir ons wys nie. Hier is dit belangrik om 'n onderskeid tussen historiese en normatiewe gesag te maak. Alles wat ons in hoofstuk 3-37 lees, is 'n betroubare verslag van dit wat Job, sy vriende en die HERE gesê het. Die woorde word op 'n historiese betroubare manier aan ons oorgelewer. Nogtans het nie al die woorde in hierdie hoofstukke normatiewe gesag nie. Ons kan nie van al Job se vriende se woorde sê dat dit regte woorde was nie. Al hul woorde is nie met Goddelike gesag beklee nie. Juis daarom die oproep tot versigtigheid om hierdie woorde te gebruik as bewysstukke. Selfs Job sê in hierdie hoofstukke dinge waarvoor die HERE hom in hoofstukke 38-41 bestraf. As ons weer na vraag en antwoord 13 van die Kategismus kyk, sou dit dan ook beter wees om die tekste vanuit Job 4 en 15 met gedeeltes in Romeine 3 te vervang. (In die volgende artikel sal meer aandag gegee word aan die lees van hoofstukke 3-37.)

WIE WAS JOB?

Wie die menslike skrywer van die boek Job is, weet ons nie. Die boek Job gee vir ons geen enkele aan-

wysing nie. Dit is ook eintlik van mindere belang solank as wat ons bly vashou aan die wete dat dit wat ons in hierdie boek lees, werklik so gebeur het. Ons lees in hierdie boek wat op 'n sekere oomblik **in die hemel (1:6-12;2:1-7) en op die aarde gebeur het.** As ons op die toesprake in die boek Job let, sien ons dat hulle in 'n poëtiese styl geskryf is. Dit wil nog nie sê dat Job en sy vriende mekaar in poëtiese woorde geantwoord het nie. Die poëtiese vorm kan 'n bewerking onder leiding van die Heilige Gees wees wat op 'n volledig betroubare wyse weergee wat daar gesê is.

Wat opvallend is, is die feit dat Job nie 'n Israeliet is nie. Hy woon in die land Us waarvan ons met sekerheid kan sê dat dit buite Israel lê. Waar presies die land wel geleë was is nie moontlik om aan te dui nie, maar ons lees van hierdie land in Gen. 36:1,28; 1 Konings 1:42 en Klaagliedere 4:21. Dit lyk asof dit hier oor 'n stuk land gaan wat suid van Juda lê. Op ander plekke lees ons van Us: Gen. 10:23; 22:21; 1 Kron. 1:17, waar die aanduiding meer noordoos van Israel is. Dit is baie goed moontlik dat verskillende stukke grond dieselfde naam gedra het.

'n Interessante tradisie oor Job vind ons in die Septuagint. Die Septuagint is die eerste vertaling van die Ou Testament. Dit was 'n Griekse vertaling wat in Jesus se tyd baie gebruik is. Ons vind hier by Gen. 42:17 'n toevoeging waarvolgens Job dieselfde persoon as Jobab die seun van Serag sou wees. Ons lees van hierdie Jobab in Gen. 36:33. Op hierdie manier sou Job dan 'n kleinseun van Esau wees. Dit is natuurlik niks anders as 'n menslike oorlewing nie. Nogtans is dit so dat as ons die boek Job lees, dit die mees waarskynlike is dat Job in die tyd van die aartsvaders of selfs voor die aartsvaders geleef het. Aanwysings dat Job omtrent in die tyd van Abraham geleef het:

- Die organisasie van sy familie-lewe en van sy eiendom pas by daardie tyd in die Ou-Nabye Ooste. Hy is 'n herdersvors en sy rykdom word uitgedruk in die besitting van vee. (Job 1:3; 42:12).

- Hy word baie oud. (Job 42:16) Sy leeftyd van 140 jaar pas nog in die tyd van die aartsvaders of daarvoor, maar nie daarna nie.
- In die tyd voor Israel se volksbestaan was daar gelowiges op aarde wat nie tot die nakomelinge van Abraham behoort het. 'n Ander voorbeeld daarvan is Melgisedek. (Kyk Gen. 14)

IS DIE BOEK JOB 'n FANTASIE?

Ook teoloë wat as meer behoudend bekend staan, aanvaar nie altyd die hele boek Job as histories nie. 'n Eietydse handboek vir die bestudering van die Ou Testament is R.B. Dillard/Tremper Longman se "An Introduction to the Old Testament". Hierdie twee teoloë meen dat Job 'n historiese figuur uit die vroeë tyd was, maar dat dele van hierdie boek uit 'n later tyd stam. Hulle skryf o.a.:

"Dit is meer waarskynlik dat sekere godsdienstige ideë in die boek eers later in die geskiedenis van Israel ontstaan het. Terwyl dit aan die een kant verkeerd is om dit net aan 'n evolusionêre visie op die ontwikkeling van godsdienstige ideë in die Ou Testament (aldus Wellhausen) toe te skryf, is dit so dat in die Bybel die waarheid stadig ontvou midde-in die proses waarin die heilsgeskiedenis vorder. Die meer ontwikkelde leer van die engele in die boek, waarby ook meer details ten aansien van die Satan behoort, stam waarskynlik uit 'n later periode in Israel se geskiedenis. Ons kan die gevolgtrekking maak dat die agtergrond van die boek sonder twyfel vroeg is, terwyl die datering van die oorsprong onbekend bly."

Hierdie siening kan ons in die lig van God se Woord nie aanvaar nie. Enkele redes daarvoor is:

- Ons lees hier dat 'n idee van die skrywers oor hoe die leer van God se Woord ontwikkel het, vir hulle beslissend is. Hulle kan hulle nie voorstel dat in die vroeë tyd voor Israel se volksbestaan God se kinders al so baie van die engele en die Satan geweet het nie. Ons kan nie leef by 'n idee oor wat ons dink die broers en susters in vroeë tye al geweet het nie. Ons kan nie leef met dit wat volgens ons idee die HERE

vroeër of later geopenbaar het nie. Ons moet ons ook wat hierdie dinge betref deur God se eie Woord laat leer. Ons mag van die boek Job nie 'n boek maak wat mense uit gedeeltes van verskillende tye saamgestel het nie. Ons mag daarvan nie 'n boek maak wat wel 'n historiese agtergrond het, maar met ideë van later tye aangevul sou wees nie. Dan ontstaan op die ou end 'n boek waarvan die historiese gedeelte ook nie betroubaar is nie.

- Hierdie siening doen nie reg aan die feit dat dit hier oor feite gaan en die Skrif dit ook so presenter nie. Dit het in 'n sekere tyd plaasgevind. En so lees ons dit dan ook in die Bybel. As dit in die tyd van of voor die aartsvaders is, maak dit duidelik dat die HERE toe al kennis van die engele en wat hulle in die hemel doen, aan mense geopenbaar het.
- Die leer van die engele is nie die resultaat van mense se ideë daarvoor nie, maar die HERE het die werklikheid wat daar was, geopenbaar.
- Dit gaan hier nie oor 'n sekere idee oor die Satan nie, maar om die openbaring van die werklikheid.

'n Groot gevaar wat ons hier en ook elders in sogenaamde behoudende kringe sien, is dat die Bybel as 'n fantasie benader word. Eers vra ons onself af wat na ons mening die bedoeling van 'n Bybelboek is. As die bedoeling van die boek Job dan volgens ons is om die probleem van lyding aan die orde te stel en daarvoor sekere antwoorde te gee, maak dit nie meer baie saak of dit oor geskiedenis gaan nie. Die belangrikste is dit wat volgens ons die boodskap of idee van die boek is. Ons mag van die Bybel geen fantasie of dogmatiek maak nie, maar moet juis sien hoe God Hom in die geskiedenis aan ons geopenbaar het. Dan sien ons baie meer van God se wysheid en grootheid as dit wat volgens ons die boodskap is.

Job was verseker 'n historiese persoon. Dit wys die boek Job self en ook dit wat ons in ander dele van die Bybel van hom lees. (Lees: Es. 14:14,20; Jakobus 5:11.) ☩

NUWE VRYMAKING IN NEDERLAND

J Moes

RONDOM DIE KERK: BUITELAND

Gedurende die afgelope maande het die woelinge in die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) in Nederland (GKV) rondom onlangse sinodebesluite voortgegaan. Daar is nou ses plekke waar lidmate hulle "vrygemaak" het van die GKV. Hierdie berig gee 'n kort oorsig van die gebeurtenisse van die afgelope maande. Dit is gebaseer op inligting wat afkomstig is van die *Nederlands Dagblad*, die *Reformatorsch Dagblad* en *Reformanda*, wat die skrywer ontvang het met vriendelike bewilliging van Br Atze Herder van Johannesburg.

AGTERGROND

Die saak waaroor dit gaan is die besluite van die Algemene Sinode van die GKV van Zuidhorn van 2002. Daar was beswaarskrifte by hierdie sinode oor die besluite wat die vorige Algemene Sinode van Leusden 1999 geneem het. Ds FJ Bijzet het in *Kompas* van September 2003 agtergrondinligting gegee oor die spesifieke sake wat verontrusting veroorsaak het. Dit gaan oor die verswakking van die gebod tot Sondagrus, 'n meer gemaklike hantering van egskeiding, die vrystelling van liedere uit die Liedboek en die verdergaande toenadering tot die Christelike Gereformeerde Kerken en die Nederlands Gereformeerde Kerken. In *Kompas* van November 2003 het ook 'n (vertaalde) kommentaar op hierdie ontwikkelinge verskyn van die hand van Prof NH Gootjes van die "Canadian Reformed Churches".

Na die sinode van Zuidhorn het verontruste lidmate van die GKV in Februarie 2003 'n groot advertensie geplaas met 'n *Oproep tot Reformasie* en 'n oproep tot die GKV kerkrade om die sinodebesluite van Zuidhorn nie te ratifiseer nie. Aan hierdie oproep het geen enkele kerkraad gehoor gegee nie. Daar is toe deur die verontrustes vasgestel dat die GKV nie langer "pyler en fondament van die waar-

heid" is (1 Tim. 3:15) en nie langer as ware kerk gesien kan word nie (Art. 29 NGB). Dit het gelei tot die opstel van 'n *Akte van Vrijmaking en Wederkeer*, met 'n oproep tot 'n Nuwe Vrymaking binne die GKV. 'n Aantal verontruste lidmate het hulle toe "vrygemaak" van hulle kerke, met die oproep tot bekering.

Op 20 September 2003 is 'n landelike vergadering van verontrustes in Zwolle gehou, wat deur ongeveer 500 mense bygewoon is. Hierdie vergadering is gelei deur Dr S de Marie, voorsitter van *Reformanda*, terwyl Ds P van Gulp, emeritus predikant te Dalfsen en bestuurslid van *Reformanda*, ook 'n toespraak gehou het. Die sprekers het gemeen dat die tyd van gesprek verby is en dat daar niks anders meer oorbly vir opregte gelowiges as om hulle vry te maak van die GKV nie. Die tyd vir 'n "Nuwe Vrymaking" het aangebreek. In die lig van die beperkte aanhang van die "Nuwe Vrymaking" het Ds van Gulp gemeld dat hulle kyk na toenadering tot die "Comité tot Behoud van de Nederlandse Hervormde Kerk", wat hulle wil afskei van die Samen-op-Weg Kerk.

Op 11 Oktober 2003 is 'n opvolgvergadering gehou in Zwolle, waar weer eens enkele honderde mense aanwesig was. Hierdie vergadering is gereël deur die *Landelijke Werkgroep Voorlichting Kerkelijke Ontwikkelingen* (LWVKO). Daar is toesprake gehou deur Mnr AP Bezemer, voorsitter van die LWVKO, asook deur W Dijkstra, C Bezemer en John Boot.

PUBLISITEIT

In die Nederlandse kerklike pers is daar slegs beperkte regstreekse aandag gegee aan die besware van die verontrustes. Op die *Schooldag* in Kampen op 24 September 2003 is wel voorbidding gedoen vir die verontruste broers en susters. Die voormalige voorsitter van die sinode van Zuidhorn, Dr EA de Boer, het

in 'n persoonlike reaksie teenoor 'n verslaggewer van die *Nederlands Dagblad* gesê dat hy nie kan sien dat hierdie beweging 'n nuwe vrymaking is nie, want daar is geen predikante, ampsdraers en kerkrade aktief betrokke nie.

Die eindredakteur van *De Reformasie*, Drs GJ van Middelkoop, het vroeg in 2003 die *Oproep tot Reformasie* bespreek. Hy meld aan die *Reformatorsch Dagblad* dat hy dié Nuwe Vrymaking hartgrondig verwerp. Later in 2003 is daar in *De Reformasie* 'n diskussie gevoer tussen (emeritus) Prof J Kamphuis en John Boot van *Reformanda*. Prof Kamphuis het aan die vooraand van die vergadering in Zwolle van 20 September ook 'n artikel geskryf in die *Nederlands Dagblad*. Hierin wys hy die noodsaak van 'n Nuwe Vrymaking van die hand. Hy veroordeel dit totaal en stel dat dit misleidend is om die term 'vrymaking' te hanteer vir 'n saak wat teenoorgestel is aan dié van '1944'. Tóe het 'n sinode 'n bo-Skriftuurlike binding aan kerke opgelê, terwyl dit nou die Reformanda groep is wat 'n bo-Skriftuurlike binding aan die kerke wil oplê.

Ook die twee regionale kerkblaaie van die GKV, die *Gereformeed Kerkblad* en die *Gereformeerde Kerkbode*, het slegs in beperkte mate gereageer op die sake wat die verontruste groep aanvoer. Op 'n aantal gemeentevergaderings is die saak wel bespreek, veral daar waar verontruste lidmate hulle besware by hul kerkraad ingedien het. Die oproep tot 'n Nuwe Vrymaking vind dus geen ondersteuning in die kerklike pers nie, behalwe in die blad *Reformanda*.

Vanuit Kampen is 'n reaksie gelewer deur Prof M te Velde. Hy het hoë agting vir die erns van die verontruste broers en susters en het begrip vir hulle verontrusting. Maar hulle aansporing tot 'n Nuwe Vrymaking wys hy af as sektaries, dopers en individualisties.

BEOORDELING

Vanuit Suid-Afrika, met slegs inligting vanuit die Nederlandse pers, kan die beoordeling van die

'Nuwe Vrymaking' maar net voorlopig wees. Vir die skrywer wil dit egter voorkom of die beweging van verontrustes te radikaal is. Die "ultimatum" wat aan die kerkrade van die GKV in Februarie 2003 gerig is, was te sterk. Die sake waaroor hulle verontrus is, is wel relevant en verdere bespreking werd. Maar as kerklike vergaderings die lidmate nie bind aan sake wat in stryd is met die Woord van God en die Belydenis nie, dan kan mens hom nie daarvan 'vrymaak' nie. Wel kan toegeeflikheid aan die tydgees 'n saak van verontrusting wees, maar dit vra bewusmaking en stryd in die kerk. As jy die kerk sonder genoegsame rede verlaat word dit kerk-skeuring.

Die feit dat geen predikante in aktiewe diens en kerkrade hulle agter hierdie beweging stel (slegs een emeritus predikant neem

aktief deel) is ook 'n teken dat die krisisvlak van verontrusting min weerklank vind. Slegs op ses plekke het verontruste lidmate hulle 'vrygemaak' en afsonderlike Sondagse samekomste belê. Die ses plekke is: Venlo, Berkel en Rodenrijs, Veenendaal, Bergschenhoek, Zwolle en Zwijndrecht. Hier word Sondae preek gelees. Die totale getal lidmate wat hulle tot nou toe 'vrygemaak' het is ongeveer 200. Vanweë allerlei redes kan die werklike groep ondersteuners van die Nuwe Vrymaking egter wel die tienvoudige wees (sê 2 000). Maar dit is nog steeds min op die totale lidmatetal van die GKV van ongeveer 130 000. Daar is dus geen aanduiding dat hierdie verontrusting tot 'n krisis binne die GKV sal ontwikkel nie.

Nogtans kan mens nie op getalle afgaan om die regmatigheid van 'n saak te beoordeel nie. Die VGK

verkeer in 'n agressief anti-Christelike klimaat in Nederland en Europa. Dit het ook sy impak op die kerklidmate en die kerke. Daar moet gewaak word teen die binnedringing van wêreldse praktyke in die kerk (sekularisasie) en slapeid, louheid of onbetrokkenheid. Die evangelie moet dan juis duidelik en indringend verkondig word, met die volle gesag van God se Woord. Dit moet nie met goedkoop foefies of vermaaklikheid aan die man gebring word nie (á la Nataniël in die NGK).

Daar moet ook met pastorale besorgdheid omgesien word na lidmate wat moeite het met veranderinge in die kerk. Hulle kan nie net verontagsaam word as verkrampptes of konserwatiewes nie. Veranderinge in die kerk moet duidelike verbeterings wees en daarvan moet al die lidmate oortuig word. ▣



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031


Faks 012 329 5927

Na jare se gewag is uiteindelik die **FAMILIE STUDIEBYBEL** drie-in-een vergelykende Bybel gepubliseer! Drie vertalings langs mekaar: die 1933-53 vertaling, die nuwe Afrikaanse vertaling 1983 en die New International Version van the Holy Bible. In 'n pragtige uitvoering: bruin egte leer, duimgrepe en goud-op-snee.

Dit is 'n uitstekende hulpmiddel by Bybelstudie! Die prys is R1095. Tot 31 Desember 2003 is die prys R1045.

PELSER, Pieter J: Evolusie & die Bybel. Kan hulle versoen word? Dr Jim Allan skryf: "Met die evolusieleer as uitgangspunt het ek vir bykans veertig jaar aan die

Universiteit van Stellenbosch in die wetenskap gedoseer. Toe kom ek tot bekering. Ek het evolusie se geldigheid begin bevraagteken en op wetenskaplike inligting afgekom wat die teorie se skynbaar ondeurdringbare mondering van sekerhede ernstig ondermyn het. Pieter Pelser gee in hierdie boek 'n omvattende oorsig van bogenoemde soort wetenskaplike inligting, wat hy op so 'n meesterlike, verstaanbare en leesbare wyse uiteensit dat enige denkende persoon tot nuwe, en selfs verstommende insigte kon kom." R69 vir dié boek van 338 bl.



CD 19046: KERST VANUIT DE BOVENKERK te KAMPEN – Drie mannenkoren zingen met begeleiding van orgel en harp Kerstliederen. R115

CD 1401662: STERK IN UW KRACHT - het Chr Jong Mannenkoor 'Soli Deo Gloria' uit Urk sing Psalms en gesange - R115



CD 1400452: die bekende DIRKLANDSE MANNENKOOR sing Kersliedere. R115